



**Jy moet leef wat
jy glo!**

Dr. Gerrie de Haas
gerrie@gedaministries.co.za

As ons in die lig loop dan loop ons in die
lig van die Woord van God.

Dis moontlik om in die donkerte te loop,
maar jy weet nooit of jy reg is nie.

Die belangrikste ding is **waar** ons loop,
nie **hoe** ons loop nie.

Inhoud

- 1. 'n Nuwe Seisoen.**
- 2. Verhoudings in die huis:**
Man en vrou.
- 3. Verhoudings in die huis:**
Die Rol van die vader.
- 4. Hemelse plekke:**
Die Hemel en die Paradys.
- 5. Hemelse plekke:**
Die doderyk, die boesem van Abraham, die Bodemlose put en die Hel.
- 6. Jy moet leef wat jy glo.**
- 7. Neem jou grondgebied terug.**
- 8. En die wind het gaan lê.**

1. 'N NUWE SEISOEN

Wat sê ons aan die begin van 'n nuwe seisoen in ons lewens?
Ons kyk verseker altyd terug na wat verby is – en het 'n
afwagting vir wat nou gaan gebeur.

Ek glo dat ons in 'n seisoen binnegaan waar ons die
wonderwerkende krag van God sal sien.
'n Kragdimensie wat God gaan gebruik om die oes in te bring.

God is tans op aarde besig om die werk te doen wat Hy beplan
het in die ewige verlede.

Meer mense het die afgelope tien jaar tot bekering gekom as in
enige ander tyd in die geskiedenis.

In net tien jaar het 'n derde van alle bekerings sedert Jesus
Christus op aarde was, plaasgevind.

Wat bly die belangrikste opdrag vir hierdie seisoen?

Daar moet meer werkers en arbeiders mobiliseer en toegerus
word vir die oesvelde.

Dit bly ons grootste opdrag.

Jesus self het aan ons 'n belofte gegee dat daar 'n generasie
sal wees wat die groter werke en groter wonders en kragte sal
beleef.

Ons sal dieselfde sien as wat Hy gedoen het.

Ons beleef die tydperk van God se genade.

Genade wat baie verder gaan as die sosiale-, ekonomiese
probleme, rasseverskille en godsdienstige blokkasies.

Hierdie genade maak ongeneeslike siektes weer gesond en
maak dié wat vasgebind is aan probleme, weer los.

Dis die beweging van hierdie komende seisoen.
'n Onsigbare God wat homself sigbaar gaan maak deur tekens en wonders.

Hierdie is die verhaal van mense wat gaan saamwerk met hierdie God – dis al hoe ons die uiteindes van hierdie wêreld sal kan bereik.

Die een ding wat ons gaan beperk in hierdie poging, gaan wees om jouself te vergelyk met iemand anders.
As jy dit doen, beledig jy jouself.

Jy is nie verantwoordelik vir wat mense van jou dink nie – maar jy is verantwoordelik vir wat jy aan mense gee om oor jou te dink.
Ons moet droom, ons moet uitstyg uit hierdie moeras wat ons gevange wil hou.

Soos ons onself voorberei om uit te gaan is daar altyd dinge wat ons wil terughou.

Daar is massas wat woon in plekke waar regerings en groepe vyandig staan teenoor die boodskap van redding.
Hierdie mense word daaglik uitgebuit deur hierdie sisteme en kan net bereik word met 'n boodskap van goeie hoop.

Dié boodskap moet kan red, dit moet kan teenstand bied teenoor die kragte van die duisternis, dit moet genesing terugbring in stukkende families.
Hierdie boodskap moet begin om groepe en hele gemeenskappe totaal te verander.

Wat is die goeie nuus?

Soos wat die arbeiders toegerus word en uitgestuur word hier lokaal en elders – soos wat hulle beweeg, so sal die salwing op hulle lewens vermeerder.

Soos wat hulle uitgaan, so sal hulle vrymoedigheid om openlik op te tree, verdubbel.

Baie van ons sal hier 'n stap in geloof moet neem.

Anders gestel: Jy sal moet klaarmaak met die dinge wat jou terughou.

Die afgelope jaar het ek werklik gesien hoe mense verander het en uitgeruk is uit die koninkryk van die duisternis na die koninkryk van lig.

Ek praat hier van mense wat vyandig teenoor God was.

Hulle het nie na my toe gekom vir gebede en vir redding nie – nee, hulle het met bese intensies gekom.

Ek sien werklik 'n prent: Mense wat in opleiding is.

Mense wat alreeds weet wat hulle roeping is.

Mense wat 'n begeerte het om uit te gaan om die oes in te bring.

Ek sien dit as 'n oop visie – en dit bly daar!

In hierdie opleiding word hulle skerp gemaak in die gebruik van hulle gawes en talente, geoefen om te loop in gehoorsaamheid tot Christus

Die een belangrike deel van hierdie opleiding is om te leer hoe om persoonlik te kan staan teen die vyand.

Te veel goeie werkers word halfpad uitgehaal – ons kan dit nie bekostig nie.

Mense, ons besef nie hoe belangrik dit is om ons self los te maak van wêreldstelsels nie.

Ons moet werklik uitstap uit die een ding, om te kan instap in die regte ding.

My leuse hier: Ek wil nooit weer op aarde deur iets beperk word, as dit nie God is wat my beperk nie.

Onthou: Goed, is nie die beste nie.

As ons lees in Joël 2, dan lees ons van die weermag wat hy hier van praat.

Hierdie weermag se krag is eindeloos, en dis baie groter as wat ons nog ooit gesien het.

Gaan lees dit – Joël 2.

Die meeste mense kan oorgenoeg leer van ware christenskap in maande, maar so baie hou net aan om te leer en kom nooit by die kennis van die waarheid uit nie.

Hulle hou aan studeer en lees boek op boek en hulle kies dat dit hulle so besig hou dat hulle nooit by die punt kom waar hulle moet begin doen dit wat hulle geleer het nie.

Die probleem is dat, as jy aanhou leer sonder om te doen wat jy geleer het, word jy net 'n hoorder en nooit 'n doener van die Woord nie en begin jy om jou self te mislei.

Die misleiding word ongelukkig met tyd net groter.

Wat is die verskil tussen gelowiges en dissipels?

As gelowiges behoort ons aan die Here en glo ons in Hom en dien Hom.

Daar is egter 'n Christenskap wat dieper loop as net geloof.

So 'n Christenskap word 'dissipelskap' genoem.

Daar word onderskeiding gemaak tussen gelowig wees en om 'n dissipel te wees.

Om **gelowig** te wees, kos niks.

Om 'n **dissipel** te wees is duur.

Lukas 14:25-27;

'En groot menigtes het saam met Hom gegaan, en Hy het Hom omgedraai en vir hulle gesê:

As iemand na My toe kom en hy haat nie sy vader en moeder en vrou

en kinders en broers en susters, ja, selfs ook sy eie lewe nie, kan hy

my dissipel nie wees nie.

En elkeen wat sy kruis nie dra en agter My aan kom nie, kan my

dissipel nie wees nie'.

Christenskap beteken geloof in Christus, maar **dissipelskap** is die uitleef van hierdie geloof.

Ek glo in Christus se verlossingswerk aan die kruis vir my, maar **dissipelskap** is die resultaat van sy verlossing in my lewe.

Gelowiges stel hulleself eerste; **dissipels** stel Christus eerste.

Gelowiges word aan woorde geken, **dissipels** word aan hulle vrugte geken.

Geloof red my siel, maar **dissipelskap** verheerlik Christus.

Gelowiges word soms weens hulle gedrag en taal nie as Christene geken nie, maar **dissipels** is as Christene bekend.

Gelowiges gaan hemel toe, maar **dissipels** ontvang beloning daar.

2 Johannes 1:8;

'Julle moet baie versigtig wees sodat julle die hele beloning kan ontvang wat God beloof het'.

Wees jy die beste

Dit sal vir my die grootste tragedie wees as ek eendag op my oudag moet dink: 'Iewers langs die pad het ek myself verloor.

Ek was nooit die mens wie God bedoel het ek moet wees nie'.

Hoe verloor ons dit?: Om soos iemand anders te probeer wees.

Ek het probeer om so goed vleis te braai soos my buurman. Ek het probeer om net so 'n goeie jagter en boer soos my vriende te wees, en ek het probeer om soos my vennote te wees.

Op 'n dag moes ek myself afvra: 'Vir wie leef ek? Hoekom doen ek dít wat ek doen? Wil ek net heelyd ander gelukkig en tevrede hou?

Is ek werklik binne God se perfekte wil vir my lewe? Waarvoor het Hy my toegerus en gesalf?'

Ons hoor so dikwels die stelling: 'Hulle sê..'

Wie is 'hulle' dan nou eintlik?

Hulle is gewoonlik iemand of 'n groep wat baie soos ons is, mense wat deurentyd sekere standaarde vaspen van hoe jy nou eintlik veronderstel is om te leef.

As ons dié lewensbeskouing nastreef, kan ons ons hele lewe lank rondskarrel agter goedkeuring en eiewaarde aan – en dalk ons lewensroeping mis.

Gaandeweg het ek besef: 'Hulle' beheer my ook – en ek hou niks hiervan nie!

Waar die Gees van die Here is, is daar vryheid.

Dis nie Goddelik om jouself met ander te vergelyk of met ander te wedywer nie – die wêrelds.

Jesus het ons vrygemaak sodat ons deur niemand gemanipuleer of beheer hoef te word nie. **Johannes 8:36** 'Eers as die Seun julle vrymaak, sal julle werklik vry wees'. Wanneer jy die dag voor jou Skepper staan, gaan Hy jou nie vra hoekom jy nie soos jou vriend of soos jou predikant was nie.

Daardie dag wil ek Hom net hoor sê:

'Mooi so my kind – jy was getrou'.

En ek wil antwoord: 'Ek het alles presies gedoen soos U gevra het'.

DROMERS:

Kom ons noem hulle '**dromers van vandag**':

Helen Keller, het met tyd blind en doof geword.

Hierdie tekortkominge het haar nie verhinder om 'n kragtige impak op so baie mense se lewens te hê nie.

Sy het altyd gesê:

'Daar is iets wat erger is as om blind en doof te wees.

Dit is om te kan sien, maar geen visie te hê nie'.

Die waarheid is dat slegte oë jou definitief kan strem, maar om geen visie te hê nie beperk jou dade.

Mense ons moet droom, ons moet visie hê.

Kan jy net dink wat ons kan regkry deur 'n radikale lewe in gehoorsaamheid aan Christus.

Want dit is wat Hy werd is.

Walt Disney was 'n dromer en 'n man met 'n merkwaardige visie.

Sy kreatiwiteit, vooruitsiening, dryfkrag en determinasie was sy grootste eienskappe.

Hy het altyd gesê: 'Enige droom kan bewaarheid word.

As jy in iets glo, glo daarin al die pad'.

Kyk nou na die hele Disneyland-projek.
Niemand het ooit geglo dis moontlik nie.
Net Walt het.

Hy was besig om al die manne van sy organisasie toe te spreek oor wat sy visie was.

Hy het hulle vertel hoe hy alles sien.

Toe almal vir hom sê dis onmoontlik, het hy dadelik gedink dis 'n groot-genoeg uitdaging om aan te pak.

Die res hiervan is vandag geskiedenis.

Disneyland en Disneyworld was baie groot suksesse – is vandag nog.

Walt is egter oorlede voordat Disneyworld voltooi is.

By die openingseremonie van Disneyworld in Florida, het die spreker wat die opening waargeneem het, gesê:

'Ek wens so dat Walt vandag hier was om alles te sien'.

Van agter af op die verhoog sê Walt se vrou: 'Hy **het** dit gesien!'

Al was Walt Disney se vertroude baie meer in homself as in God, kan ons baie hieruit leer.

Ek en jy is vandag hier om die God van die onmoontlike te volg.

Ek is maar net 'n gewone mens, met my "hang-up's" en my swakhede.

Vir my is dit onmoontlik om al my drome te vervul.

Maar dis nie vir God nie – vir Hom is alles moontlik.

Dis belangrik dat ek en jy 'n realistiese visie het oor wie ons is, maar ook 'n regte visie oor wie God werklik is.

Hy roep ons om openbarings te hê, drome te droom en om hulle uit te leef.

Dit is egter so, dat al sing en verklaar ons die groot waarhede van die Here in ons dienste en al soek ons die kragdimensie van 'n grote God, verlaat ons so maklik 'n diens en gaan maar net weer terug na 'n onderdrukte lewe, soms sonder drome.

Drome, by definisie is nog nie 'n werklikheid nie. Om hulle te sien gebeur neem deursettingsvermoë en opoffering. Hulle sal nie net 'n werklikheid word sonder 'n grootse poging nie.

Maar ons moet droom, ons moet ons toekoms kan sien – en al wat dit gaan kos is 'n radikale lewe vir Christus. Want dit is wat Hy werd is.

2.VERHOUDINGS IN DIE HUIS: **MAN EN VROU**

As Christen man en vrou moet ons besef dat die Naam van Jesus Christus oor ons uitgeroep is. Die Here het nie net gekom om ons gees te kom red nie, maar ook ons hele sielsdimensie – ons gedagtes, ons emosies en ons wil.

Ons sê te maklik ons is christene terwyl ons verhoudings aan skerwe lê. As ons nie toelaat dat die verlossing wat Jesus Christus ons gee ook genesing bring in ons verhoudings nie, het ons verlossing vasgehaak tussen ons gees en ons siel.

Hy wil ons vry en verlos hê in elke faset van ons lewe. 'n Kragteloze christelike bestaan is selfsugtig en dit spreek net van een ding: Onkunde.

Pa's: Die verlossing in Christus wil pa's se harte sag maak teenoor hulle kinders.

Pa's moet soos God wees met onvoorwaardelike liefde en 'n versorgende hart.

Manne wat hulle gesinne omvou met die sagtheid van God se aanraking en hulle moet hul seuns en dogters aan hul bors kan vasdruk.

Die Bybel wil vir jou wys en leer hoe God liefhet en jou in staat stel om ook so lief te hê.

Ma's: Die liefde van Christus wil die hardheid en die styfheid uit jou verhouding met jou man en jou kinders haal, sodat jy ook onvoorwaardelik liefde kan weerkaats – soos wat God jou liefhet. God het nog altyd beplan dat die geestelike impak in ons families by die huis moet begin.

Deuteronomium 11:18-21;

'Lê dan hierdie woorde van my weg in julle hart en in julle siel, en bind dit as 'n teken op julle hand en laat dit as 'n voorhoofsband tussen julle oë wees, en leer dit aan julle kinders deur daaroor te spreek as jy in jou huis sit en as jy op pad is en as jy gaan lê en as jy opstaan; en skryf dit op die deurposte van jou huis en op jou poorte, sodat julle dae en die dae van julle kinders in die land wat die HERE aan julle vaders met 'n eed beloof het om aan hulle te gee, kan vermenigvuldig soos die dae van die hemel bo-oor die aarde'.

Die laaste deel beteken: Dit moet vir ons by die huis wees soos **'hemel op aarde'**.

Dis nog altyd God se idee vir ons gesinne.

God plaas die volle verantwoordelikheid op ons ouers om Sy woorde en Sy weë aan ons kinders te leer.

Hierdie verantwoordelikheid kan nie oorgeplaas word na 'n ander instansie soos die kerk en sonagskool nie.

Ook nie na predikante, sonagskoolonderwysers of onderwysers by die skool nie.

Ons as ouers en ons alleen moet ons kinders leer by die huis – elke oomblik van die dag. Die doel is om hierdie onderwysing in te vleg in ons daaglikse aktiwiteite.

MAN EN VROU

Om outoriteit te hê, moet jyself onder outoriteit staan.

Dis die beginsel wat alle verhoudinge in die huis beheer.

As die man onder die outoriteit van Christus staan, het hy die outoriteit van Christus.

As die vrou onder die outoriteit van haar man staan, het sy die outoriteit van haar man in die huis.

Maar, wanneer hierdie ketting gebreek het op 'n sekere punt, dan breek dit dadelik ook die outoriteit in die huis af.

Dis 'n groot probleem in te veel huise vandag.

Daar is 'n afbreek van outoriteit, net omdat een van die skakels in die ketting uit plek is.

Of die man is nie in 'n verhouding met Christus nie, of die vrou is nie in verhouding met haar man nie.

Soms is albei uit pas uit.

Die resultaat: wanorde, disharmonie en rebellie.

Die onderdanigheid van die vrou:

Daar is baie daarvoor gepraat oor jare.

Baie vroue hou gladnie van hierdie deel nie net omdat dit vir hulle voel dat dit hulle minderwaardig maak.

Dis ongelukkig altyd agv. 'n basiese misverstaan van die man/vrou verhouding in die huis.

Jesus se verhouding met Sy Vader:

Jesus het drie dinge uitgelig oor Sy verhouding met sy Vader.

Al drie hierdie dinge is duidelik ook oor die man/vrou verhouding.

Eerstens sê Hy in ***Johannes 10:30***;

'Ek en die Vader is een.'

Daar was volkome eenheid tussen Jesus en sy Vader. Omdat Hy een was met die Vader, was Jesus ook gelyk aan die Vader.

Filippense 2:6;

'Hy, wat in die gestalte van God was, het dit geen roef geag om aan God gelyk te wees nie.'

Dit was vir Hom moontlik, omdat Hy ook God was.

Op dieselfde manier is die man en die vrou ook een.

Die Woord sê immers: Hulle is een vlees.

Een deel van jou vlees kan tog nie minderwaardig of ondergeskik wees aan die ander deel nie.

Elke deel van jou vlees is tog gelyk.

Die plek van onderdanigheid van die vrou aan die man het nog nooit ooit die woord 'minderwaardig' in gedagte gehad nie.

God sien tog nog altyd die man en vrou as gelyk in die liggaam van Christus.

Galasiërs 3:28;

'Daar is nie meer man en meer vrou nie; want julle is almal een in Christus Jesus.'

Tweedens: Jesus sê oor Sy verhouding met sy Vader, dat God verwag:

'Dat almal die Seun kan eer, net soos hulle die Vader eer.'

(Johannes 5:23)

Die Vader het Sy seun soveel ge-eer dat Hy die hele skepping aan Hom toevertrou het.

Die Vader het hom verheug om sy Seun te vereer.

Dit was sy begeerte om Sy seun op te lig en alles onder sy voete te plaas.

Nooit sien jy die toestand waar die Vader sy seun verkleineer of minderwaardig maak nie, óf om meer eer vir homself te neem nie.

Die gesindheid van die man teenoor sy vrou, moet presies dieselfde wees.

Die man moet voortdurend daarop uit wees om sy vrou op te lig en te eer. Hy moet alles doen om haar gerespekteerd, geprys en belangrik te laat voel.

Die vrou moet nooit in 'n posisie wees waar sy eer soek nie. Sy moet altyd voel dat sy aanvaarbaar vir die wêreld is. Die man moet dit vir haar doen.

Op hierdie manier verdwyn enige stigma van minderwaardigheid.

Indien 'n man sy vrou voortdurend so behandel, sal die gevolg wees dat sy so maklik hom dan kan sien en aanvaar as die hoof van die huis. Daar sal net nie meer rede wees waar hulle moet baklei vir aanvaarding of onafhanklikheid nie.

1 Korinthiërs 11:7;

'Maar die vrou is die heerlijkheid ('glory') van die man.'

Die Vader bewys Sy heerlijkheid – Sy glorie, deur sy seun, Jesus Christus. Net so bewys die man sy heerlijkheid deur sy vrou. As 'n vrou rustig en vol sekuriteit voel, bring dit na vore dat haar man na haar omsien en haar eer – en haar behandel soos wat hy veronderstel is om te doen.

Maar, as die vrou onrustig, bitter en geen sekuriteit om haar voel nie, bring dit geen eer aan haar man nie. Dit bewys maar net dat hy faal in sy opdrag van God.

Eendag vra hulle 'n bekende prediker of 'n sekere man 'n goeie man is. Sy antwoord: 'Ek weet nie, want ek het nog nie sy vrou ontmoet nie. Ek sal jou sê wie hy is nadat ek haar gesien het.'

Derdens:

Die Vader/Seun verhouding as voorbeeld:

Johannes 14:28; ' My Vader is groter as Ek.'

Jesus is gelyk aan sy Vader, maar hier dan sê Hy anders. Jesus het duidelik nie gedink dit is belangrik om aan Sy Vader gelyk te wees nie.

Al die tyd was Hy tevrede om net aan Vader onderdanig te wees, Hom te gehoorsaam en Vader toe te laat om sy regmatige plek in die verhouding in te neem.

Deur hierdie optrede van Jesus was daar altyd balans in die drie-eenheid. As Hy dit nie gedoen het nie, sou die eenheid van die drie-eenheid in gedrang gekom het.

Daarom:

Al is die vrou een met haar man en gelyk aan hom, vra God van haar om onderdanig te wees aan haar man, grootliks vir die balans van eenheid en vir die orde in die huis.

As sy dit weier sal die eenheid in die huis oombliklik verbreek wees en sal drama daarop volg.

Duisende Christen vrouens kan daarvan getuig dat die plek van beskerming en die toevou in liefde, onder die outoriteit van die man, regtig God se plan is vir sekuriteit en vrede tuis.

Dit plaas egter 'n baie groot verantwoordelikheid op die vrou. Dit beteken dat geen man werklik die hoof van sy huis kan wees, tensy sy vrou vrylik toegee aan sy outoriteit nie. Sy vrou moet dit vir hom wees, anders kan dit nie werk nie.

'n Kop/hoof kan immers nie funksioneer sonder 'n nek om hom op te hou nie.

Wat gebeur as een of albei die man en vrou faal in hulle Godgegewe taak ?

Beteken dit dan dat die ander een vrygestel is van sy/haar taak ?
Nee, glad nie.

Die hele verantwoordelikheid van elke party is teenoor God, nie teenoor mekaar nie.

Ek kan nie net omdat ek nie mag nie, nee, ek mag nie want God sê ek mag nie.

Elkeen van ons het verantwoordelikheid teenoor God.

Die optrede van die ander party verander nie die saak nie.

Die woorde kom altyd: 'Ek kan maar doen wat ek wil want jy weet nie wat sy alles aangevang het nie.'
Mag hy? Nee.

Kom ons kyk na die **voorbeeld van 'n hofsaak:**

Die regter was besig om 'n man te ondervra wat aangekla is omdat hy te vinnig gery het.

Regter: 'Het jy vinniger gery as die aanbevole spoedgrens?'

Man: 'Daar was ander voertuie wat vinniger as ek gery het.'

Regter: 'Jy is nie verantwoordelik vir die ander voertuie nie! Jy is net verantwoordelik vir die voertuig wat jy bestuur het. Het jy en jy alleen, te vinnig gery?'

Man: 'Ja, ek het.'

Net so is die saak tussen man en vrou.

Eendag moet ons almal voor die regterstoel van God staan. Daar sal nie van die man verwag word om sy vrou se optredes te verduidelik nie en ook nie andersom nie.

Elkeen van ons sal direk verantwoordelik wees voor God vir die rol wat ons elkeen gespeel het.

3. VERHOUDINGS IN DIE HUIS: **DIE ROL VAN DIE VADER:**

God het nog altyd 'n unieke rol vir die vader.

God die Vader weet wat dit is om 'n vader te wees – Hy bly ons rolmodel hierin.

As die vader van sy huis nie sy regmatige plek inneem nie, nie sy verantwoordelikhede aanvaar nie, en staan as die hoof van sy huishouding nie, kan God se plan vir die huis net nooit werk nie. As die vader nie die nodige leiding en hoofskap in die huis neem nie, sal sy huis val in wanorde en rebellie.

In 1 Joh. 2 : 13, skryf Johannes:
'Ek skryf aan julle vaders...'

Nou vandag wil ek ook 'n adres aan julle gee vaders:
En die vraag is: 'Pa, maak jy dit of maak jy dit nie?'

In **Efesiërs 6:4** som Paulus die rol van die vader so op:
'En vaders, moenie julle kinders vertoorn nie, maar voed hulle op in die tug en vermaning van die Here'.

In Kolossense 3:21 skryf hy verder:

'Vaders, moenie julle kinders terg nie - nie gedurig by hulle fout soek nie, sodat hulle moedeloos word nie'.

Moeders het so 'n groot rol om te speel in die opvoeding van die kinders, maar die oorhoofse verantwoordelikheid rus op die pa.

Die pa het twee pligte teenoor sy kinders:

1. Kommunikasie, en
2. Opleiding of onderwysing.

Die orde daarvan is ook net so belangrik.

As al die kanale nie oop gehou word vir kommunikasie tussen die pa en die kinders nie, sal dit die pa geweldig frustreer in sy rol as onderwyser tuis.

Dit is nie genoeg as die pa net die hele tyd instruksies gee nie.

'n Baie belangrike aspek ook is dat die kinders so gelei word tuis dat hulle ontvanklik is vir leiding.

Hier is dit so noodsaaklik dat die vrou saam met die man as 'n span werk en nie gapings tussen hulle ooplos nie.

Bv. die pa sê hulle mag nie TV kyk nie, dan kom die ma agteraf en sê hulle mag maar. **NEE.**

Om kommunikasie aan die gang te hou, moet die pa altyd waak teen twee opponerende dinge:

- * Rebelle aan die een kant, en
- * Moedeloosheid, aan die anderkant.

Dis so belangrik om aandag en tyd aan elke kind te gee.

Hy moet elke kind kan lei dat hy kan groei in sy eie persoonlikheid, want nie elke kind is dieselfde nie.

Dissipline wat goed is vir een kind, mag 'n negatiewe invloed op die ander een hê – so hy moet baie sensitief vir elke een se behoefte wees.

In berading later kom jy agter waar die verkeerde optrede deur die pa, kwaad, woede en opstandigheid veroorsaak het.

Die drie ampte:

In Sy verhouding met Sy kerk, hou Jesus Christus die drie groot ampte wat aan hom gegee is, deur God die Vader.

Hy is die **Priester, Profeet en Koning** (of bestuurder) oor die kerk.

In die huis staan die vader presies in dieselfde verhouding tot sy familie.

Van hierdie drie ampte wat Goddelik aan die vader gegee is, mag hy nooit afstand doen of toegee nie.

Elke vader is deur God geroep om die priester, profeet en koning of bestuurder van sy huis te wees.

- (1) As die **priester**, verteenwoordig hy sy familie by God.
- (2) As die **profeet**, doen hy die teenoorgestelde – hier verteenwoordig hy God vir sy familie.
- (3) As **koning**, bestuur hy namens God, sy familie.

(1) AS DIE PRIESTER:

Hier is die vader verantwoordelik om in te tree vir sy familie – en bring hy hulle behoeftes na God toe.

Deur sy gebede vra hy vir God se beskerming en seëninge oor hulle.

Dit kan hy nie doen sonder geloof nie.

Die beoefening van geloof namens hulle is een van die vader se grootste verantwoordelikhede.

In die Ou Testament sien ons hierdie rol by die Paasfees.

Dit was die vader se plig om die offerlam uit te soek, te slag en daarna die bloed aan te smeer aan die kosyne en die twee deurposte van die huis. **(Exodus 12:3–7)**

Deur hierdie stap in geloof en gehoorsaamheid het hy die beskerming van God, vir sy hele gesin verseker.

Nou in die Nuwe Testament:

Hier sien ons dieselfde beginsel in die dramatiese gebeure van die vader wat sy seun met 'n onrein gees ('maansiek' in die bybelvertaling) na Jesus toe bring. **(Markus 9:20–27)**

Hier tree die vader namens sy seun op en vra vir Jesus, in vers 22 'Maar as u iets kan doen, ontferm U oor ons en help ons'.
Jesus gee daardie verantwoordelikheid vir die kind, oombliklik terug aan die vader en sê vir hom:
'As **JY** kan glo, alle dinge is moontlik vir die een wat glo.'

Hier hang die kind se volle bevryding, skielik af van sy vader se geloof. Ons ken die verhaal hoe die seun daar bevry is.

'n Vader moet die reg en die verantwoordelikheid opneem om vir sy kinders te glo.

Mense bring gereeld kinders na my toe vir gebed en bevryding. Ek het dan die reg om te vra: 'Is julle die kind se ouers?'
Soms is dit die ouma of stiefma, of die bure wat hulle bring. So baie is die ouers, en veral die pa, nêrens op te spoor nie.

Skriftuurlik is daar geen rede dat ek mag bid vir die kinders, net omdat die ouers nie daar is om hulle geloof uit te oefen nie. Die een wat nooit opdaag om hulp te vra vir sy kinders nie, is altyd die pa.

Die hele saak is uit orde uit en geen wonder dat God dit nie seën nie.

In die proses om 'n kind te bedien kan geen ander geestelike bedienaar, die plek van die pa inneem nie.

(2) AS DIE PROFEET:

Hier verteenwoordig hy God vir sy familie. Die meeste van die tyd doen vaders dit vir hulle kinders – al weet hulle dit nie altyd nie.

Almal wat met berading bemoeid is sal altyd vir jou sê: Kinders vorm hulle basiese idêe van God van een persoon af – die pa.

Dit was nog altyd die groot rede dat so baie jong mense niks van God wil weet of niks met Hom te doene wil hê nie.

(3) AS DIE KONING:

Hier bestuur die pa sy familie namens God. Die wêreld het so gefaal in sy leierskap, dat dit sosiaal aanvaar word dat vrouens nou regeer.

So het dit ongelukkig ook in ons huise geword.

Vrae wat gevra word:

- * Wie, indien enige, bid vir die kinders voor hulle gaan slaap saans?
- * Wie kry hulle gereed vir sondegskool?
- * Wie lees vir hulle bybelstories?
- * Wie bid vir hulle as hulle siek is?

Ongelukkig in die meeste gevalle die ma.

Natuurlik het die ma haar rol om te speel in die opvoeding, maar die pa is deur God geroep om die koning te wees en voor te gaan in alle geestelike dinge tuis.

Wanneer kinders heeltemal verkeerd gaan wil ons altyd die kerk, die skool, die sosiale lewe, of enige-een anders blameer, behalwe die een wat moet pa-staan, die vader.

Meeste seuns sien die kerk en mense van God as 'sissies', want dis net ma's wat daarin betrokke is.

Klein Jannie word groot en sê vir homself:

'Ek wil eendag soos my pa wees'.

Om soos sy pa te wees beteken om die dinge van die Here oor te laat aan die swakker geslag.

Soos hy opgroei raak klein Jannie meer verkeerd, en faal hy in die lewe.

In die lewe sien jy ook nie net jong 'drop-outs' nie, maar so baie volwasse 'drop-outs'.

Nou vir die opsomming:

Vaders waar staan jy vandag in hierdie saak ?

Jy mag baie sukselvol in besigheid wees, baie populêr by die golf- klub, die bankbestuurder wees, maar as jy faal as 'n man vir jou vrou en as vader, is dit net nie goed genoeg nie.

4. HEMELSE PLEKKE:

DIE HEMELE EN DIE PARADYS:

Dis so belangrik dat ons moet weet wie ons in Christus Jesus is. Die lering oor hemelse plekke gee ons fondasie en kennis van die geestelike wêreld.

Ons moet 'n openbaring kry van die Hemel, sodat ons kan weet wie ons in Christus is, sodat ons in outoriteit kan stap.

Ons moet die hele tyd kontak kan hê met die derde hemel, sodat ons die werke van duisternis in die tweede hemel kan oorwin.

Hoe werk dit? Wie is ek in Christus Jesus?

1. Christus sit in hemelse plekke en omdat Christus in my is, sit ek ook in hemelse plekke.

2. Die woord koninkryk of 'kingdom' beteken 'king's domain'. Die koninkryk van God het naby my gekom en lewe nou in my. Jesus Christus leef in my en daarom is die koninkryk ook in my

3. Ek en jy as gelowiges is ook die tempel van die Heilige Gees.

4. Die oomblik toe Jesus sterf aan die kruis het die voorhangsel oopgeskeur van bo na onder.

Die Heilige Gees word vrygestel om nooit weer in 'n gebou vasgevang te wees nie, maar is nou in mense.

Hy het alles vir ons kom gee en daarom is **ons** vandag die heiliges, omdat die Heilige Gees in ons woon.

Ons kan elke dag 'n hemelse ervaring hê, want die troon en die Koning is in jou hart, want ons is baie naby aan die hemele.

So kyk na binne en geniet die bo-natuurlike werklikheid van God.

DIE HEMEL:

Hoe groot is die hemel werklik?

Die hemel is verseker 'n plek met baie afdelings en plekke.

Die hemel is 'n plek baie soos die aarde, maar, sonder sonde, sonder siekte, sonder die dood en armoede.

Maar, dis nie net alleen 'n plek waar daar 24 uur per dag, elke dag, om die troon aanbedding vir God is nie – daar's baie meer.

Johannes is opgeneem in die hemel en was in die troonkamer, maar hy is ook later opgeneem na 'n plek genoem 'die tempel'.

Openbaring 11:19 a

'En die tempel van God het in die hemel oopgegaan, en sy verbondsark is in sy tempel gesien.'

Die hemel is 'n baie groot fisiese plek, met baie verskillende plekke en stede – 'n soort 'wêreld' daar bo.

So is die hemel verseker 'n hoofstad, die 'Nuwe Jerusalem'.

Volgens persone wat alreeds opgeneem was daarheen is daar orals verskillende plekke, maar orals is dit baie, baie mooier as hier op aarde.

Wat ek wil sê: Hemel is nie net 'n troonkamer nie – nee, dis veel meer.

William Booth wat die stigter is van die beroemde 'Salvation Army', vertel in sy boek die volgende.

Hy is opgeneem in die hemel vir 'n tyd, en wat hy daar gesien

en belewe het, het sy hele lewe verander.
Hy sê alles het hom so geïnspireer en daar het 'n passie vir verlore ganges in hom gekom wat hom gedryf het om sy Soldaat-bediening te begin.

Hy beskryf dit so: 'No human eyes ever beheld such perfection, such beauty. No earthly ear ever heard such music. No human heart ever experienced such ecstasy, as it was my privilege to see, to hear and to feel it'.

Words like these: 'The loveliest blue skies....
Banks of roses and the purest and clearest water of a river...
Along the riverbank trees laden with the most delicious fruit – sweet beyond all earthly sweetness..
The whole air had the sweetest perfumes coming from flowers..
Beautiful angels in the air..''

Dit gebeur alles in die derde hemel.
Op sy pad uit bevind hy homself toe ook in die voorhawe van die hemel – die peri-meter van die hemel.

Hy vind hy uit dit is waar almal heenkom om evalueer te word. Skielik word die boeke uitgehaal en die beoordeling begin. Daar was 'n baie noukeurige beskrywing van elke dag van sy lewe.

Daar is soveel 'detail' in wat selfs elke gedagte, elke gevoel en elke aksie van hom beskryf – van elke dag van sy lewe! Daar staan presies hoe hy sy tyd verdryf, sy geld wat hy spandeer en wat hy met die gawes gedoen het wat God hom gegee het.

Dan word die volgende boek uitgehaal: Die 'Record of Memory'. Hier sien hy wat hy presies gedoen het die afgelope vyf jaar sedert Christus hom gered het en hom Sy soldaat gemaak het.

Hy sien hoe hy in plaas van om God se veldslae te veg en mense na Christus te bring, hy sy tyd spandeer het op aardse

dinge, sy selfsugtige optredes en sy hele lewe van ongelowigheid, ongetrouheid en ongehoorsaamheid.

Hy sê hy het nie geweet waar om weg te kruip of waar om te kyk nie. Oor en oor sien hy sy eie lewe van gemak en eiegewin. Wat kon hy sê? Hy sien dan alles self.

Hy sê hy kon geen martelaar verhaal vertel nie, hy kon geen ding noem wat hy werklik opgeoffer het hier op aarde nie, wat nog van in die hemel.

Hy dink terug aan al die gelowiges en heiliges wat hy vroeër in die hemel gesien het en besef dat, as God hom nou daar moet oordeel, hy vir ewig nie die hemel sou sien nie.

Dit verander sy hele lewe.

Vandag weet ons almal dat hy sit daar tussen die heiliges – hy **het** dit gemaak – sy hele lewe het later daarvan getuig.

Die vraag is nou, wat van ons?

DIE HEMELE:

DIE EERSTE HEMEL:

Dit is die realm waarin ons nou lewe.

Dit sluit die lug bo ons in, die sterre, die maan, die planete en die uitspansel – alles wat deur God geskape is in die eerste paar dae van die skepping.

Dis die sienlike – alles wat ek om myself en in die lug kan sien.

DIE TWEDE HEMEL:

Kolosense 1:16 : 'Want in Hom is alle dinge geskape wat in die hemele en op die aarde is, wat sienlik en onsienlik is, trone sowel as heerskappye en owerhede en magte—alle dinge is deur Hom en tot Hom geskape'.

God skep 'n sienlike en 'n onsienlike realm.

Die tweede hemel is hoër op en bestaan uit die onsienlike.

Jy kan slegs hier insien as jou geestelike oë oop is, maar onthou God het nie ons oë vanself daarvoor oopgemaak nie.

Daar is definitief Christene wat daarin beweeg en daar kom, en ek glo dat ons baie meer daarin moet sien.

Ons moet baie meer vir God vra om werklik ons geestelike oë oop te maak.

Die meeste wat daarin kom, kom daar deur die okkulte.

As jy nou skielik daarin sou sien, sal jy engele en demone sien.

Efesiërs 6:12;

'For our struggle is not against flesh and blood, but against the rulers, against the authorities, against the powers of this dark world and against the spiritual forces of evil in the heavenly places'. Let mooi op na die meervoud: 'heavenly **places**'.

Die tweede hemel is die realm van engele en Satan en sy demone. Dis die plek waar die oorlog gevoer word deur die engele en aartsengele.

Die tweede hemel is baie groot en bevat ook die hele demoniese ranglys.

Ons het nog altyd geglo dat ons woon in die eerste hemel, die tweede hemel behoort aan die duiwel en God woon in die derde hemel of die paradys.

Dis verkeerd – die tweede hemel behoort ook aan God – Hy laat slegs die Satan toe om daar te woon.

Die tweede en die derde hemele behoort aan God – Hy het hulle geskape.

Die aarde egter het Hy aan sy kinders gegee;

Psalm 115:16; 'Die hemele is hemele vir die HERE, maar die aarde het Hy aan die mensekinders gegee'.

DIE DERDE HEMEL:

Dis die woonplek van God – ook vertaal as die Paradys. Dis nie net 'n geestelike ding nie – dis 'n werklik plek.

Ons weet nou dat mense opgeruk is in die derde hemel – en dit gebeur nog steeds.

Hierdie mense vertel dat hulle nooit seker is wat gebeur as hulle uitbeweeg nie.

Dit blyk egter dat die liggaam agterbly – dis net die gees wat uitbeweeg. Kom ons lees wat met Paulus gebeur het:

2 Korinthiërs 12:1-4;

'Dit is waarlik vir my nie nuttig om te roem nie, want ek sal kom tot gesigte en openbaringe van die Here.

Ek weet van 'n man in Christus, veertien jaar gelede—of dit in die liggaam was, weet ek nie, of buite die liggaam, weet ek nie, God weet dit—dat so iemand weggeruk is tot in die derde hemel. En ek weet van so 'n man—of dit in die liggaam of buite die liggaam was, weet ek nie, God weet dit — dat hy weggeruk is in die Paradys en onuitspreeklike woorde gehoor het wat 'n mens nie mag uitspreek nie'.

Ek glo dat elke derde hemel ondervinding baie persoonlik en privaat is. Daar was gelukkig nog altyd persone wat dit met ons kom deel. Johannes se ondervinding was 'n opdrag om volledig gedeel te word.

Alle geestelike ondervindinge se oorsprong is in die derde hemel.

Gewoonlik begin dit daar, en word dit dan afgestuur na ons toe, en ontvang en belewe ons dit hier op aarde.

Dis wat gebeur met visies of transe.

Dit gaan dan gewoonlik oor persoonlike dinge, of dis boodskappe wat oorgedra moet word, of openbaringe wat gedeel moet word.

DIE PARADYS:

Paradys is 'n ander naam vir die derde hemel – dis die woonplek van God.

Paradys in Grieks beteken ook: 'Eden'.

Die paradys waarvan ons lees in Genesis is 'n aardse paradys – 'n tipe van wat ook in die derde hemel is.

Die Bybel sê nie altyd derde hemel nie, maar gebruik gewoonlik die woord: 'Paradys'.

Aanhalings oor die Paradys in die Bybel:

Lukas 23:43; En Jesus antwoord hom: 'Voorwaar Ek sê vir jou, vandag sal jy saam met My in die Paradys wees'.

2 Korinthiërs 12:4; 'Dat hy weggeruk is in die Paradys en onuitspreeklike woorde gehoor het wat 'n mens nie mag uitspreek nie'.

Openbaring 2:7; 'Wie 'n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê. Aan hom wat oorwin, sal Ek gee om te eet van die boom van die lewe wat binne in die paradys van God is'.

Die Paradys van God is die hemelse model wat God gebruik het toe Hy die Tuin van Eden geskep het op aarde.

So ook is die hemelse tempels gebruik as model vir die aardse in die Ou Testament.

Hebrieërs 8:5; 'Hulle wat 'n afbeeldsel en skaduwee van die hemelse dinge bedien, soos Moses 'n goddelike bevel ontvang het toe hy die tabernakel sou voltooi; want Hy het gesê: Kyk dat jy alles maak volgens die voorbeeld wat jou op die berg getoon is'.

Moses sien die tempel/tabernakel in die derde hemel terwyl hy op die berg is.

Hier kry hy die opdrag om dit netso hier op aarde oor te bou.

Die Hemelse Plekke is vir ons fondasie vir ons geestelike lewe.

Volgende keer: Hemelse plekke: Die doderyk, Die hades, die boesem van Abraham, die bodemlose put, die hel en die groot wit-troon oordeel.

5. HEMELSE PLEKKE:

Die doderyk, die boesem van Abraham, die bodemlose put, die hel en die oordeel:

Al die hemelse plekke behoort aan God.
Die aarde behoort aan God se kinders.
Die duiwel besit nie die tweede hemel nie.
Die duiwel besit nie eers die hel nie.

God het die hele uitspannel en hemele geskape en dis alles onder Sy beheer.

Daar is sekere plekke onder die aarde, soos beskryf in die Bybel:

1. DIE DODERYK ('Shoel')

In die bybel beskryf die woord 'doderyk' - die natuurlike dood of die graf.

Van daar af gaan alle siele op reis na óf die hemel, óf die hel, afhangeende of hulle gered is of nie.

Die woordeboek beskryf die doderyk as 'n onderaardse plek' of 'die wêreld van die dooies'.

Jesaja 38:10; 'Ek het gesê: In die bloei van my dae moet ek heengaan in die poorte van die doderyk; ek word beroof van my orige jare'.

Prediker 9:10; 'Alles wat jou hand vind om te doen, doen dit met jou mag, want daar is geen werk of oorleg of kennis of wysheid in die doderyk waar jy heengaan nie'.

Psalm 139:8; 'Klim ek op na die hemel, U is daar; en maak ek die doderyk my bed, kyk, U is daar!'

IN DIE DODERYK:

Voor die dood en opstanding van Jesus Christus is alle oorledenes bewaar in die doderyk, in 'n plek van aanhouding:

- * Die regverdiges aan **die Boesem van Abraham;**
- * die onregverdiges in **die helle-toestand** of 'die tuiste of verblyfplek van dooies'.

Hierdie hel of Hades beteken die plek of die staat waarin oorledenes gehou word. Ook genoem 'die graf'.

Die Boesem van Abraham en die hel is bymekaar – op een geografiese plek.

'n Groot kloof hou die twee plekke van mekaar af, maar die een klomp aan een kant kan die ander klompie aan die anderkant sien.

Lukas 16:19-26;

'En daar was 'n ryk man, en hy het purper en fyn linne gedra en elke dag vrolik en weelderig gelewe.

En daar was 'n bedelaar met die naam van Lasarus wat vol swere voor sy poort gelê het. En hy het verlang om hom te versadig met die krummels wat van die ryk man se tafel val. Ja, selfs die honde het gekom en sy swere gelek.

En toe die bedelaar sterf, is hy deur die engele weggedra na die boesem van Abraham. En die ryk man het ook gesterwe en is begrawe. En toe hy in die doderyk sy oë ophef, terwyl hy in

smarte was, sien hy Abraham van ver af en Lasarus aan sy boesem.

En hy roep en sê: Vader Abraham, wees my barmhartig en stuur Lasarus, dat hy die punt van sy vinger in water kan insteek en my tong verkoel; want ek ly smarte in hierdie vlam. Maar Abraham antwoord: Kind, onthou dat jy jou goeie dinge in jou lewe ontvang het, en so ook Lasarus die slegte.

En nou word hy getroos, maar jy ly smarte.

En by dit alles is daar tussen ons en julle 'n groot kloof gevestig, sodat die wat hiervandaan wil oorgaan na julle, nie kan nie; en die wat dáár is, nie na ons kan oorkom nie'.

Die Katolieke kerk het later 'n stelsel in die lewe geroep wat beweer dat 'n persoon vanaf die sogenaamde 'hel' nog kan oorgaan na die Boesem van Abraham toe, na die dood. Hierdie is genoem die toestand van die 'Vagevuur'.

Geld is dan genoeg om jou oor te kan koop van die dood terug tot by die Boesem van Abraham.

Dit is definitief skriftuurlik nie korrek nie.

Uit die gelese Skrif – Lukas 16:

Voor die kruisdood van Jesus, was Abraham nie in die hemel gewees na sy dood nie.

Hy was in die plek van aanhouding saam met al die gelowiges wat in regverdigheid gesterf het.

Hier het hulle gewag totdat die tyd moes kom dat Jesus hulle sal kom verlos.

Dis ook waarom Lazarus – die arm man ook hier by Abraham in hierdie plek was.

Dit was in Ou Testamentiese tye die grootste begeerte van elke Jood om nadoods by Abraham te kan wees – aan sy boesem.

Hierdie aanhoudingsplek is oopgesluit na die kruisdood van Jesus. Sy bloed het nou vir hulle die weg oopgemaak hemel toe – asook vir ons vandag.

Die Bybel sê dat hierdie losgelatenes wat in die Boesem van Abraham was, uitgekóm het uit die grafte na Jesus se opstanding en aan mense verskyn het. Hulle was op pad

hemel toe saam met Hom.

Mattheus 27:52-53; 'Die ontslape heiliges het opgestaan. En ná sy opstanding het hulle uit die grafte uitgegaan en in die heilige stad ingekom en aan baie verskyn'.

Dink net daaraan: Daar's 'n klop aan die deur en dis Oom Amos, wat jare al dood is. Hy sê: 'Dis ek, Amos. Ek is net hier in die buurt vir die middag, ek dog ek kom net dagsê, ek is op pad hemel toe!'

Sedert die kruis is alle dooies in Christus nie meer aan die boesem van Abraham nie, maar in die hemel. As jy vandag regverdig sterf, vaar jy op en is dadelik in God se teenwoordigheid.

2 Korintieërs 5:8;

'Maar ons het goeie moed en verkies om liever uit die liggaam uit te woon en by die Here in te woon. Yes, we are fully confident, and we would rather be away from these bodies, for then we will be at home with the Lord'.

Die kruis het weggedoen met die aanhouplek in die doderyk vir die regverdiges. Die onregverdiges voor en na die kruis is egter nog almal hier – die plek is vir hulle nog dieselfde.

Ons het soms die idêe dat die Satan en sy gevalle engele almal in die hel onder die aarde is – dis verkeerd. Die grootste gedeelte van hulle is almal bymekaar, maar dis in die tweede hemel. Hier wag hulle ook net vir die oordeel.

Sekere demone het egter toegang tot die aanhouplek van die onregverdiges in die doderyk – Hades, die hel en het toegang tot diegene wat daar wag. Hier word hulle deur die demone gemartel en verniel, dag en nag. Die toestand is nog net soos in die tyd van die ryk man wat swaargekry het. Demone is hier aangestel om soos bewaarders op te tree.

Ongeredde persone wat nou doodgaan gaan nie reguit hel toe nie – hulle word aangehou in die doderyk, waar hulle wag vir die Groot Wittroon oordeel, waarna hulle na die poel van vuur – vir ewig, gestuur sal word.

Na Sy kruisiging het Jesus Christus afgedaal in die doderyk en die sleutels van die doderyk en van die dood gaan terugneem, wat jare gelede deur die Satan van Adam en Eva gesteel is.

Dis hier wat Christus gesê het: **Openbaring 1:18;**
'En Ek was dood en kyk, Ek leef tot in alle ewigheid. Amen.

En

Ek het die sleutels van die doderyk en van die dood'.

DIE BODEMLOSE PUT: ('ABYSS')

Dis die skag of ingangspunt na die poel van vuur.

Dis nodig om te weet dat alle demone nie vry is om op die aarde te beweeg nie. Daar is 'n plek soos 'n tronk vir ongehoorsame geeste. Hierdie plek is in die onderwêreld.

In **Lukas 8:31** toe Jesus die legioen demone uit daardie man gedryf het, het hulle Hom gesmeek en gesê:

'En hulle het Hom gesmeek dat Hy hulle nie sou beveel om in die onderwêreld af te vaar nie'.

Demone is geeste en het menslike liggame nodig om in te woon en hulle wandade in uit te voer.

Terwyl demone in die tweede hemel is, kan hulle soek na 'n liggaam om in te kom bly, maar as hulle eers in die skag van die bodemlose put is, het hulle geen vryheid meer nie.

Daar is demone wat permanent vasgevang is in die bodemlose put – wagtend vir die oordeel.

Judas 1:6;

'En die engele wat hul eie beginsel nie bewaar het nie, maar hul eie woning verlaat het, het Hy vir die oordeel van die groot dag met ewige boeie onder die duisternis bewaar'.

DIE HEL

In die tye van die Ou Testament was die Vallei van Hinnom, Jerusalem se asgat.

Mense het alles wat vrot was, hier weggegooi – selfs dooie diere en tereggestelde kriminele.

Alles is dan daar in die vallei verbrand.

Die vuur wat daar gebrand het, het nooit uitgegaan nie en as die wind van die verkeerde kant af gewaai het, was die stank onuithoubaar.

Hinnom word die simbool vir die plek van ewige straf.

In Grieks word die valley van Hinnom dan 'Gehenna' genoem, wat vertaal word as 'hel'.

Jesus self verwys 11 keer na die hel.

Hierdie plek Gehenna was daar waar almal dit kon sien, en Jesus kon hier vergelykings tref met die ewige vuur in die hel.

Die hel is die ewige blyplek vir die onregverdiges en word ook genoem die 'poel van vuur' of die 'tweede dood'.

Daar is baie aantekeninge van persone wat naby-hel onder-vindinge gehad het, en ek wil nie nou daarop ingaan nie.

GROOT WIT-TROON OORDEEL

In **Hebreeers 9:27** staan:

'En net soos die mense bestem is om een maal te sterwe en daarna die oordeel,'"

Daar sal eendag twee spesifieke oordele wees deur Jesus Christus.

1. Die een vir belyde gelowiges – dié wat Hom aangeneem het as Verlosser en Saligmaker.

2 Korintieërs 5:10;

'Want ons moet almal voor die regterstoel van Christus verskyn, sodat elkeen kan ontvang wat hy deur die liggaam verrig het, volgens wat hy gedoen het, of dit goed is of kwaad'.

Dit is die regverdige oordeel wat elke gelowige sal ontvang.

2. Die tweede oordeel is die Groot Wit-troon oordeel, wat die oordeel is wat almal sal ontvang wat Jesus as gekruisigde verwerp het. Hierdie oordeel is ook vir die duiwel en sy demone/gevalle engele.

Openbaring 20:11-15;

'En ek het 'n groot wit troon gesien en Hom wat daarop sit, voor wie se aangesig die aarde en die hemel weggevlug het; en daar is geen plek vir hulle gevind nie.

En ek het die dode, klein en groot, voor God sien staan, en die boeke is geopen; en 'n ander boek, die boek van die lewe, is geopen. En die dode is geoordeel na wat in die boeke geskryf is, volgens hulle werke.

En die see het die dode gegee wat daarin was, en die dood en die doderyk het die dode gegee wat daarin was; en hulle is geoordeel, elkeen volgens sy werke.

En die dood en die doderyk is in die poel van vuur gewerp. Dit is die tweede dood.

En as dit bevind is dat iemand nie opgeskryf was in die boek van die lewe nie, is hy in die poel van vuur gewerp'.

Al die onregverdiges oor al die jare wat tans in die doderyk is en dié wat verlore sterf, sal voor die Wit-troon staan.

Belangrik om te let dat daar meer as een boek oopgemaak word.

Ongelowiges se name sal nie in Boek van die Lewe gevind word nie, daarna sal dit gesoek word in die boek wat hulle onregverdigheid sal uitwys.

Onthou wat William Booth in die begin gesê het.

Hy begin sy bediening met die Salvation Army altyd met hierdie woorde:

'Julle het julle christelikheid nou lank genoeg geniet.

Julle het gesellige byeenkomste gehad met liedere en veel blydskap – daar was die geklap van hande en lofprysinge vir mense, maar daardie tyd is nou verby !

Dis nou tyd om na Jesus toe te gaan en vir hom te vertel dat daardie tyd verby is.

Die tyd het nou gekom waar jy bereid gaan wees om op te staan en Sy Woord te gaan uitdra, al kos dit jou wat.

Gaan sit jou ore op die Bybel en hoor as Hy vir jou sê: "Gaan uit, en ruk sondaars uit die vuur van sonde uit!"

Die verlore nes wat in die hel gaan wees, sal geweldige fisiese marteling ondergaan.

Saam met dit die erge foltering sal hulle ook weet dat hulle 'n kans gehad het – almal het 'n kans gehad.

Redding was beskikbaar en verniet, maar deurdat hulle dit verwerp het, is daar vir ewig verwydering tussen hulle en God se liefde.

Die 'gekners van tande' in die Woord is nie vir die ongereddes en onregverdiges nie, maar van mense wat gehoor het en geweet het en tog nog steeds verkeerd gekies het.

Toe Lucifer geval het, het God die hel voorberei vir hom en sy demone, maar soveel mense het dieselfde paadjie gestap.

Vir hulle is dit die einde van die pad – daar is nie weer omdraaikans nie.

6.JY MOET LEEF WAT JY GLO

1. DIE KEUSES WAT ONS MOET MAAK.

Ons sien in die kerk mense in alle rigtings gaan – en dit deur hulle eie keuses.

Somtyds eindig dit in 'n krisis.

'n Krisis is nie iets wat sommer net gebeur nie.

ʼn Krisis of ʼn tragedie kom ook nie altyd gou nie, nee, dis die einde van ʼn pad wat lankal gekies is om te loop.
Persone kies ʼn pad en loop daarop en soos hy beweeg, eindig dit later in ʼn krisis.

God is ook voortdurend aan die beweeg en daar is nuwe dinge elke jaar.

Hy is die hele tyd besig om dinge in orde te kry.

God se passie in die lewe is nie aanbidding nie.

As dit Sy passie was sou Hy bome gemaak het wat hom kan aanbid – maar Hy het nie.

God se passie is orde.

Orde tot op die heel laagste vlak – by die kleinste partikel of sel.

Alles wat God gemaak het is in orde – gebalansseerd.

Alles wat God beplan het sal gebeur en daar is niks wat ons daaraan kan doen nie.

Dis ons verantwoordelikheid om toe te laat dat ons gedagtes in die regte rigting ontwikkel.

Elke gelowige moet ʼn waarheid hê en beseef dat sy hele lewe wentel om hierdie waarheid en hy mag nooit daarvan afwyk nie.

God wil hê ons moet sy leiers wees in die volgende geslag.

Ons moet in staat wees om iets vir ons kinders na te laat.

Dis so belangrik dat as ek oop gapings in my lewe het, dat my kinders ook nie dieselfde pad moet loop nie.

Ons grootouers was mense van integriteit en van etiese waardes.

Hulle het net nie iets verkeerds by hulle toegelaat nie.

Maar in die laaste geslag – die laaste deel van die vorige eeu, het daar verandering gekom.

Ons het van ʼn nasie met beginsels oorgeslaan na ʼn nasie wat deur emosies beheer word.

Die hele wêreld word deur emosie beheer.

Die mensdom smag na ware liefde en hierdie behoeftes laat hulle rigting verloor.

Dwelmverbruikers is nie regtig verslaafdes nie, hulle is net mense sonder rigting en `n behoefte aan liefde. Netso die probleem van pornografie, molestering, ooreet en verslawing: dis alles net `n behoefte aan liefde.

Alleenheid en eensaamheid is nie `n gebrek aan aandag nie, dis `n gebrek aan ware liefde en `n gebrek aan rigting. God wil so graag ons gedagtes en ons manier van dink verander.

Een van die grootste misleidings in die kerk is die **'genade-misleiding'**.

Hierdie misleiding sê: 'Maak nie saak wat jy doen nie, God sal niks aan jou doen nie, want Hy is te lief vir jou'.

Dis `n leuen.

Om met God se genade te speel is `n deuroopmaker – `n vorm van `n oop agterdeur in die huis van die Here.

Die 'genade-misleiding' beteken dat daar geen gevolge is vir verkeerd-doen in die kerk nie.

As daar nie gevolge is vir verkeerd-doen nie, wat is dan die beloning vir reg-doen ?

As `n persoon wat in sonde volhard en aanhou die verkeerde ding doen, dieselfde beloning kry as `n persoon wat in heiligheid lewe, waarom sal ek dan wil heilig wees?

As daar geen voordeel is vir heiligheid, dan kan ek mos maar net so wel soos al die ander mense lewe.

Dis presies wat in die kerk gebeur.

Die een met `n behoefte lei nou al die ander met behoeftes.

Die probleem is dat mense wat gekonfronteer word oor hulle lewenswyse net omdraai en uit die kerk gaan.

So, om hulle in die kerk te hou, praat ons liewers nie oor die verkeerd-lewe nie.

Daar is altyd 'n kerk laer af in die straat wat sal sê:
'Kom maar hier in. God is so genadig, jy kan maar net aangaan – kom jy is onskuldig'.
Mense leer so dat daar geen gevolge is vir verkeerd-doen nie.

Maar onthou:

Die golwe van gister se ongehoorsaamheid sal spoel oor die strande van more!

Jesus het jou nie gered om jou te laat goed voel nie – Hy het jou gered omdat Hy 'n doel met jou lewe het.
En dis verseker nie vir jou om maar net so onbetrokke saam te seil nie.
As jy verkeerd gaan sal daar gevolge wees.
Kom nou uit.

Een van die groot probleme van jong mense is dat hulle dink dat hulle probleme met tyd net vanself sal weggaan.
Dit gebeur ongelukkig nie: 30 jaar, 40 jaar – jou probleme is maar net nog daar.

In die bediening van mense gaan dit ook so.
Jy kry nie elke keer 'n tweede kans nie.
As jy mense moet lei – doen dit nou, jy kry dalk nie weer 'n kans nie.

God gee soms vir ons 'n nuwe begin elke more – maar die kanse glip so maklik verby.
Sy genade is nuut elke dag – gebruik dit.

2. HOU OP OM TE BEKOMMER.

Onthou:

Gister was jy die hele tyd bekommer oor more – wel vandag is daardie more – hy't aangebreek.

Filippense 4:6–7 'Moet oor niks besorg wees nie, maar maak in alles julle begeertes deur gebed en smeking en met danksegging aan God bekend.

En die vrede van God wat alle verstand te bowe gaan, sal oor julle kom'.

As julle nie by die punt kom waar jy die spanning en stres van die lewe kan hanteer nie, sal dit nooit vanself weggaan nie.

So baie van julle veg 'n stryd teen spanning en vrees.
'Dit was in my ma, maar nou is dit in my ook'.
'Ek weet nie wat gaan met my kinders gebeur nie?'

Niemand sal van die 'gees van vrees' wegkom terwyl hy self in vrees bly nie.
Gee alles vir Jesus in gebed.

3. AS MENSE NIE PROBLEME HET NIE, MAAK HULLE PROBLEME

Mense, maak klaar met wat agter jou is.
Terwyl die waters kalm in jou lewe is, verdubbel jou seëninge.

Meeste mense reik nie uit na God voordat hulle nie in die middel van 'n storm is nie.

4. DIE TELEURSTELLINGS VAN GISTER SPEEL NOG 'N ROL VANDAG

Ons hanteer mense vandag presies op dieselfde manier waarop ander mense ons hanteer het.

Ons vergeet net nie die teleurstellings van gister nie en haal dit soms uit op diegene wat dit nie verdien nie.

So baie van ons het seergekry as kind en is ons verwerp en weggestoot.

Daardie seer, die bitterheid en die kwaad bly hier binne en word nou weer uitgehaal op my vrou, my kinders en ander christene.

Nog 'n voorbeeld:

Daar was 'n jong meisie gewees. Sy het 'n tipe van 'n rowwe verlede gehad, met rebellie en alles.

Die soeke na liefde in haar lewe het haar gedryf die wêreld in.

Een dag draai sy om en kom by die Here uit.

Sy het soveel verkeerd gedoen, soveel ouens gehad, soveel ander dinge aangevang, maar Jesus red haar.

Sy is so opgewonde en so gelukkig en sy kry haar plekkie in die kerk en alles is wonderlik.

Nou 'n heilige tipe ou – iemand in die kerk, kom verby.

Hy het 'n skitterende verlede, geen probleme, geen sonde nie en hy raak verlief op haar.

Alles is pragtig en hulle gaan trou.

Die troue is verby – en hulle bly nou in hulle huisie.

Nou, sy het verander, maar omdat sy nooit klaar- gemaak het met die teleurstellings wat sy in die verlede gehad het nie, word elke stukkie pyn en wraak losgelaat op hom wat nooit iets verkeerd gedoen het nie. Skielik het hy hel op aarde. Die huwelik wil nie werk nie en alles val uitmekaar.

Waarskuwing: Moenie dat die teleurstellings van die verlede steel van die mense wat nou om jou is nie.

5. JOU HELE LEWE KAN VERANDER IN EEN OOMBLIK VAN AKSIE

Jy kan in een oomblik – een keuse, meer doen vir Jesus as ander mense se hele lewe.

Die verlore seun:

Toe hy by homself kom en besef hy is in die varkhok, moes hy 'n groot besluit neem.

Hy besluit: Ek gaan nie hier bly nie - ek gaan opstaan en huistoe gaan.

Hy het geweet hy is nog altyd sy pa se kind.

Lewe kan verander in 'n oomblik – maar net as jy besluit om iets te doen daaraan.

Lewe is nie wanneer jy iets sê nie, maar as daar 'n aksie by is.

Lukas 17:11-19

Die genesing van die tien melaatses.

Jesus sê vir hulle: 'Gaan wys julle vir die priesters'.
Hulle gaan, word gesond, dis so wonderlik – almal kan weer huis toe gaan.

Een draai terug. Hy kom val voor Jesus neer.

Jesus sê vir hom: 'Staan op, jou geloof het jou gered'.
Skielik begin sy vingers, sy tone, sy neus weer groei – hy word volkome gesond.

By die ander het die siekte gestop, maar hulle was sonder vingers en tone.

Hierdie man, omdat hy teruggekom het en sy dankbaarheid kom wys het, het volkome herstel.

Daardie vorige meisie: Omdat sy nooit haar dankbaarheid kom wys het nie, het haar eie selfsugtigheid oorgebly en het sy weer alles daardeur verloor!

6. MAAK JY NOG FOUTE IN JOU LEWE?

Woorde soos sonde, ongeregtheid en geregtigheid verstaan ons nie altyd nie.

Hoeveel foute maak jy nog elke dag?

Moenie probeer om heilig te word nie – probeer om op te hou foute maak!

7. WANDEL IN DIE LIG

1 Johannes 1:6-8;

'As ons sê dat ons met Hom gemeenskap het en in die duisternis wandel, dan lieg ons en doen nie die waarheid nie. Maar as ons in die lig wandel soos Hy in die lig is, dan het ons gemeenskap met mekaar; en die bloed van Jesus Christus, sy Seun, reinig ons van alle sonde.

As ons sê dat ons geen sonde het nie, mislei ons onself en die waarheid is nie in ons nie.

As ons ons sondes bely, Hy is getrou en regverdig om ons die

sondes te vergewe en ons van alle ongeregtigheid te reinig.
As ons sê dat ons nie gesondig het nie, dan maak ons Hom tot
'n leuenaar en is sy woord nie in ons nie'.

Die verhaal word vertel van 'n jagter wat in die bergwêreld op
jag was. Hy word skielik oorval deur 'n reënstorm en hy moet
haastig skuiling soek. Daar was baie grotte in die berg en hy
soek skuiling in een van hulle.

Dit was donker in die grot maar die man was tevrede.
Hy het rustig gevoel en sy geweer kon nie nat word nie en hy
sal wag totdat die storm verby is.

Dit word naderhand koud en hy besluit om 'n vuur te maak.
Gou-gou het hy hout bymekaar en dit was nie lank of die
vlamme gee hitte.
Die vlamme het ook lig gebring en hy begin om hom rondkyk.
Skielik beseft hy dat hy nie alleen is nie. Daar is twee groot
likewane en 'n slang ook in die grot.
Hy gryp sy geweer en hardloop uit. Terwyl dit donker was en
hy nie goed kon sien nie, was hy tevrede. Nooit het hy beseft
hoe naby gevaar al die tyd aan hom was nie.

As ons in die lig loop dan loop ons in die lig van die Woord van
God.
Dis moontlik om in donkerte te loop, maar jy weet nooit of jy
reg is nie.
Die belangrikste ding is waar ons loop, nie hoe ons loop nie.

7.NEEM JOU GRONDGEBIED TERUG

Deur die eeue het God nog altyd aan sy mense 'n grondgebied
gegee.
Daar het altyd 'n verbond daarmee saamgegaan wat beteken die
ooreenkoms bestaan uit 'n fisiese deel en 'n geestelike deel.

Nou die grondgebied-verbond is:

1. Die **fisiiese stuk aarde** wat God aan jou skenk in sy genade. Daarop wil Hy hê moet jy woeker en dit bewerk soos wat Hy van jou verwag.
Jy moet 'n Grondbreker wees wat die harde, ruwe areas bewerk, wat saai en oor hierdie aardse deel heers as 'n koning.
2. Grondgebied is ook in die geestelike realm waar Hy aan jou **sekere geestelike areas en gebiede** gee om in die gees oor te heers.

Saam met enige opdrag wat God jou gee sal daar altyd 'n 'Verbond' mee saamgaan.

God wat sê: 'Ek sal saam met jou loop en gaan, solank as wat jy in gehoorsaamheid saam met My loop'.

Ons moet hier duidelik onderskei dat ons nie hier praat van redding en van die ewige lewe nie.

God is vir jou altyd lief en wag vir jou.

Hierdie gaan oor 'n oorwinnende lewe in Christus.

Wat is 'n verbond met God ?

Dis nie net 'n wet-kontrak tussen mense nie.

Dis 'n bindende verbond tussen twee partye oor 'n spesifieke saak.

So kom God en wil Hy met my ooreenkom oor 'n spesifieke saak.

Hy maak die reëls en Hy stel die terme.

Julle skud blad daarop en jy sê in jou hart: 'Dis reg so God. Ek aanvaar die ooreenkoms en die verbond'.

Die enigste ding wat hierdie verbond kan breek is die dood of wanneer sonde inkom en jy nie meer aan God gehoorsaam is nie. Dit kanselleer die hele verbond.

Kanselleer beteken net dat God sê:

'Ek loop nie verder met hierdie verbond nie'.

Wat is sonde?

Jakobus 4:17;

'Wie dan weet om die regte ding te doen, of om goed te doen, en dit nie te doen nie, vir hom is dit sonde'.

Eerste voorbeeld: Adam en Eva in die Paradys.

God gee aan hulle die hele Paradys, die hele skepping om oor te heers - dit is die fisiese grondgebied.

Wat is die geestelike deel van die verbond ?

Die toets. God stel sy terme:

Genesis 2:16-17;

'En die Here God sê: van al die bome van die tuin mag jy vry eet, maar, van die boom van die kennis van goed en kwaad, daarvan mag jy nie eet nie'.

Alles werk totdat daar sonde inkom.

Dit breek onmiddellik die verbond.

Adam en Eva word agv. dit uit die paradys gegooi en verloor alles.

Tweede voorbeeld:

Jy kry vir jouself 'n woonstel en bly nou daarin.

Die beginsel bly dieselfde. Wat laat ek nou toe op my gronangebied?

As ek nou my blyplek verander in 'n dranksalon met slegte meisies het ek 'n baie groot kans dat ek my koninkryk wat God wou gevestig het, gaan verloor.

Mense, ons moet één ding besef:

Jesus kom vertel die gelykenis waar mense een of twee of vyf talente ontvang het.

Hier moes elkeen aan die einde van die tyd vir die Heer gaan wys het wat hulle gedoen het met hierdie talente.

Daar is rekenskap van elkeen gevra.

Derde voorbeeld:

God hoor sy volk roep in Egipte.

Exodus 3. God sê vir Moses: 'Ek sal my volk uit Egipte uitlei, na 'n nuwe land, wat oorloop van melk en heuning.

Daar sal Ek hulle seën en 'n groot nasie maak'.

Dis die nuwe grondgebied wat Hy vir hulle wil gee.

Die geestelike verbond gaan saam:

Deuteronomium 28 vanaf vers 1;

'As jy na my stem luister om sorgvuldig te hou by al my gebooie en doen wat Ek jou vandag beveel, dan sal ek jou stel bo al die nasies van die wêreld'.

Deuteronomium 28:15;

'Maar, as jy nie luister na die stem van die Here jou God, en nie sorgvuldig hou by die verbond nie, dan sal al hierdie vloeke oor jou kom en jou inhaal'.

Dis die hele beginsel van grondgebied.

So het elkeen van ons 'n koninkryk – 'n grondgebied om oor te heers, dit te bewerk om dan later daarvoor rekenskap te gee aan God.

Hierdie grondgebied sal ongelukkig altyd deur die duiwel teengestaan word.

Daar sal altyd druk wees – en as sonde inkom verloor ek my grondgebied en ook my koninkryk.

Dis hoekom Satan met die versoeking van Jesus toe hy sy bediening hier op aarde begin het, vir Hom kon sê:

'As jy my aanbid, gee ek aan jou al hierdie koninkryke terug'.

Watter koninkryke ?

Dié wat ons al met die tyd verloor het – agv. sonde.

WIE HET NOU DIE WETTIGE REG OOR JOU GRONDGEBIED?

Kom ons kyk wat het in die Bybel gebeur met die Israeliete:

Hulle is nou in Kanaän en stelselmatig is hulle besig om die hele land in besit te neem.

Ons lees in **Joshua 7** die verhaal:

Die Israeliete kom net terug van hulle oorwinning by Jerigo.

Hulle is besig om te beplan om die dorpie Ai te verower.

Ai is klein en net 3000 manne word gestuur omdat die weerstand maar min is.

Tydens die verowering van Jerigo het 'n man, Agan, sonde gedoen.

Hy het van die goed in Jerigo gesteel en dit in sy tent gaan begrawe.

Hierdeur het hy die verbond wat God met hulle gehad het, verbreek.

Want God het baie duidelik gesê dat niks geneem mag word nie.

Niemand anders het geweet dat hy dit gedoen het nie, en definitief het Joshua dit nie geweet nie
Agan het geweet, en God en Satan.

Jy kan jou sonde vir mense wegsteek en geheim hou, maar jy kan dit nie vir God en vir Satan en sy koninkryk wegsteek nie.

Alles in jou lewe is 'n oop boek in die geesteswêreld.

Toe Satan sien wat Agan gedoen het, vlieg hy direk hemel toe om met God in gesprek te gaan.

Die Israeliete was nou in Kanaän, waar almal afgode gedien het. Soos hulle aanbeweeg verower hulle al die vyand se stede en Satan was glad nie ingenome hiermee nie.

Sy koninkryk het erg agteruitgegaan.
Die verwoesting van die afgodedienaars was vir hom baie erg, maar hy het nie weggegaan nie.

Toe Satan sien wat Agan gedoen het was hy regtig in die wolke. Hier was sy kans.

Ons moet weet dat God se guns en beskerming direk gekoppel was aan sy mense se gehoorsaamheid.
Die verbond wat God met hulle gesluit het was nog in plek, behalwe as die verbond verbreek word.

Satan vlieg hemel toe en sê vir God: 'Het U gesien God wat Agan gedoen het?'

'Ja Satan, ek het dit gesien'.

Satan: 'U volk is oppad Ai toe en u weet Ai is naby my hart God. Jou volk het geen reg om Ai te verower nie!'

God: 'Ek weet hulle het nie die reg nie. Ja dis reg Satan, jy mag hierdie veldslag wen, Ek gee toe'.

Die weermag stap Ai toe en kry pakslae.
Hulle vlug voor hulle teenstanders en 36 goeie manne sterf.

Hulle was moontlik Godvresende manne, want nêrens staan daar dat daar sonde in hulle lewens was nie.

Toe Joshua die nuus hoor kon hy dit nie glo nie.
Hy kon dit maar net gladnie verstaan nie.
Hy het sy klere geskeur en op sy aangesig neergeval voor die ark.

Hy doen toe presies wat ons vandag nog doen.
Toe daar 'n krisis in sy lewe is, wie blameer hy?
Wie? Vir God!

Joshua 7:7

'En Josua het gesê: Ag, Here HERE, waarom het U hierdie volk ooit deur die Jordaan laat trek om ons oor te gee in die hand van die Amoriëte, sodat hulle ons kan vernietig? Het ons tog maar besluit om oorkant die Jordaan te bly!'

Joshua 7:9

'En as die Kanaäniete en al die inwoners van die land dit hoor, sal hulle ons omsingel en ons naam van die aarde af uitroei; wat sal U dan vir u grote Naam doen?'

Joshua blameer God!
Kyk hoe antwoord God hom:

Joshua 7:10-11

Toe sê die HERE aan Josua: 'Staan op; waarom tog lê jy op jou aangesig?
Israel het gesondig en het ook my verbond oortree wat Ek hulle opgelê het.'

vers 13

'Staan op! Heilig die volk en sê: Heilig julleself teen môre; want so sê die HERE, die God van Israel: Daar is 'n ban in jou midde, Israel! Jy sal nie kan standhou voor jou vyande totdat julle die ban onder julle uit verwyder het nie.'

God sê: Ek gaan nie verder met julle nie, tensy jy die vloek onder jou vernietig wat teen jou is.
Hierdie is ook die sleutel vir geestelike oorlogvoering: Om jou grondgebied weg te gee.

Ons gee die Satan wettige reg om teen ons op te tree, want die reg om te heers is van ons weggeneem.

Geestelike oorlogvoering beteken om hierdie reg wat Satan het, weg te neem en weer terug te vat

Jy sien, Agan se sonde was vir Satan die wettige reg om aan vas te gryp en die kinders van Israel te oorwin.

Net omdat daardie sonde nie dadelik hanteer is nie, het dit vir Satan die reg gegee.

Dit werk vandag nog net so.

Wat is die goeie nuus?

Die wettige reg wat ek aan satan gegee het, kan weer terug-geneem word.

Die Here het beveel dat Agan en sy familie en alles van hom en al die gesteelde goed vernietig moet word.

Daarna moes hulle die sonde kom bely.

Wie maak vir Agan-hulle dood?

Die volk self – teen wie hulle die sonde gedoen het.

(Ons sien in die Nuwe Testament toe Ananias en Saffira gesondig het teen die Heilige Gees, het God self hulle doodgemaak).

Die Israeliete het die vloek onder hulle verwyder en alles weer herstel en is terug Ai toe en het die oorwinning behaal.

As jy ooit oorwin word en dit gaan sleg met jou, vra net vir die Here: 'Here, wys my waar het ek my wettige reg weggegee'.

Hy sal jou wys.

Hanteer dit, bely dit en neem jou grondgebied weer terug.

Ons kan 'n veldslag verloor, maar daar is altyd vergifnis by God.

Vraag dan nou is:

* As God aan my 'n woning gegee het om oor te heers, hoeveel deure in my huis staan nog oop?

* Hoeveel het jy al tot nou toe van jou koninkryk weggegee?

* Hoeveel is van jou weggesteel in die verlede?

Wat bly nog oor in jou ?

Verwerping, vrees, bitterheid, minderwaardigheid, siekte, angs,

onvergewensgesindheid, depressie en skuldgevoelens.

Jy het nog altyd gedink dat die verlede en al die pyn van die kinderjare sal vanself verdwyn – wel, dit het nog nie.

Dis nog nie weg nie, want dis nog net nooit reg hanteer nie.

Dit moet spesifiek bely word en klaargemaak mee word.

Wat gebeur as ek nie my sonde spesifiek bely nie?

Koning Dawid val in sonde – ernstige sonde.

Hier kom doen hy 'n belydenis:

Psalm 32;

'Toe ek oor my sonde geswyg het, het my liggaam uitgeteer soos ek heeldag om hulp geroep het.

Toe het ek my sonde bely en my oortredinge nie meer weggesteek nie. Nou, dit gaan goed met die mens wie se oortredinge nie gestraf word nie – wie se sonde vergewe word'.

Onthou: Demone kan nie net op mense spring wanneer en hoe hulle wil nie. Ek glo werklik ons is beskerm daarteen.

Die reël is duidelik: Moet nie kompromieë aangaan nie.

As jy sonde doen gaan die deure oop en demone kom in.

Hulle kan nie net inkom nie, daar moet vir hulle 'n wettige reg wees om te kan inkom.

En, terwyl jy in sonde bly, bly die deure oop en het die demone 'n vry kaartjie om saam te ry.

Wat is die oplossing?

As daar sonde is in ons lewens is daar net één oplossing: Belydenis.

2 Korinthiërs 7:1

'Terwyl ons dan hierdie beloftes het, geliefdes, laat ons ons van alle besoedeling van die vlees en die gees reinig, en laat ons die heiligmaking in die vrees van God volbring'.

Daar is twee dinge wat ons moet op let:

1. Die apostel Paulus sê baie duidelik dat daar 'n skoonmaak en reinigingsproses is wat ons moet deurgaen.

Dis nie outomaties nie, dit vereis dat ons iets moet doen.

2. Paulus plaas die verantwoordelikheid vir hierdie reiniging volkome op ons skouers.

Hy sê: 'Laat ons ons self reinig'.

DIS MY EIE VERANTWOORDELIKHEID OM MYSELF TE REINIG

Na wedergeboorte gee God aan ons elkeen genoeg outoriteit en verwag Hy van ons elkeen om ons eie lewe te reinig.

Hoekom?

Dis 'n Bybelse opdrag!

God sal nooit van ons iets verwag as Hy nie self daarvoor sal sorg dat dit moontlik is nie.

Ons moet onself reinig. Hoe?

1 Johannes 1:9

'As ons ons sondes bely, Hy is getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe en ons van alle ongeregtigheid te reinig'.

Die vers begin met 'as'.

Dit beteken altyd: Ons het 'n keuse.

Of ons kies om dit te doen, of ons kies om dit nie te doen nie.

Dis baie duidelik: Die reiniging gaan nie kom as ons nie eers bely het nie.

8.EN DIE WIND HET GAAN LÊ..

Het jy al ooit opgemerk hoe verskillende mense wat dieselfde omstandighede beleef, kan verskil in hoe hulle die saak hanteer?

Die een persoon kan paniekerig raak en toelaat dat vrees hom oorweldig, terwyl die ander een kalm en gefokus kan bly in sy soeke na die oplossing van die probleem.

Dit word so duidelik illustreer in 'n gebeurtenis een nag toe Jesus en sy dissipels in 'n boot was op die see van Galilea.

Markus 4:35-38

'En toe dit aand geword het op daardie dag, het Hy vir hulle gesê:

Laat ons oorvaar na die ander kant.

En hulle het die skare verlaat en Hom, net soos Hy was, saamgeneem in die skuit; en daar was ook ander skuitjies by Hom.

En 'n groot stormwind het opgekom, en die golwe het in die skuit geslaan, sodat dit al vol wou word.

Maar Hy was agter op die skuit aan die slaap op die kussing. En hulle het Hom wakker gemaak en vir Hom gesê: Meester, gee U nie om dat ons vergaan nie?'

Jesus was in dieselfde boot as die dissipels toe daar iets dramaties gebeur het.

'n Geweldige storm het losgebars en groot golwe het teen die skip geslaan en die boot was vinnig besig om water te skep en te sink.

Hierdie was defnitief nie net 'n klein toetsie vir die dissipels nie. Hulle was ervare vissermanne en ons moet glo dat hulle al menige storms op see moes hanteer het.

Maar, hierdie nag was dit anders.

Hulle besef dis 'n verwoestende storm en hulle was bang!

Die dissipels in die boot was paniekerig en Jesus was vas aan die slaap!

In 'n toestand van vrees maak hulle hom wakker en skreeu: 'Meester, gee U nie om dat ons vergaan nie?'

Jesus het opgestaan en kalm die hele probleem hanteer.

Jesus en sy dissipels het dieselfde krisis beleef, maar elkeen het die situasie anders hanteer.

Markus 4:39-41;

'En Hy het opgestaan en die wind bestraf en vir die see gesê:
Swyg, wees stil! En die wind het gaan lê, en daar het 'n
groot stilte gekom.

Toe sê Hy vir hulle: Waarom is julle so bang? Hoe het julle dan
geen geloof nie?

En 'n groot vrees het hulle oorweldig, en hulle het vir mekaar
gesê: Wie is Hy tog, dat selfs die wind en die see Hom
gehoorsaam is!'

Wat is die lesse wat ons uit hierdie gedeelte moet leer?

Eerstens:

**God het nooit belowe dat ons nie weer probleme sal hê
nie.**

Ek wonder of die dissipels dit verstaan het.

Jesus was dan saam met hulle in die boot – hoe kan enigiets
dan verkeerd gaan?

Hulle het geglo alles sal net glad verloop.

Hulle was verkeerd.

Dis baie belangrik om te let dat Jesus nie die storm verhoed
het om op te kom van die begin af nie.

Die storm het vanself net opgekom.

Tog hoor ons elke dag mense wat sê: "Waarom het God hierdie
ding in my lewe nie gekeer nie?"

Ons moet besef dat niemand vrygestel is van die storms van
die lewe nie.

Toetse en beproewinge kom na almal van ons toe.

Niemand op aarde is vry daarvan nie.

In die gebeurtenis op see het Jesus die water en die wind
herken, maar teen die storm opgestaan.

Hierdie storm was nie van God af nie en Jesus het dit geweet.

Dis so belangrik dat ons moet besef wat in die gees gebeur tydens elke storm van die lewe.

Jesus self het ons gewaarsku dat daar vervolging vir ons sal wees.

Johannes 16:33;

'Dit het Ek vir julle gesê, dat julle in My vrede kan hê. In die wêreld sal julle verdrukking hê; maar hou goeie moed, Ek het die wêreld oorwin.'

Jesus sê duidelik dat daar vervolging sal wees net omdat ons nog in die wêreld is.

Ongelukkig is daar nog kerke wat vir gelowiges sê dat daar geen probleme verder vir die mense in die kerk sal wees nie, maar dis nie wat die Woord van God vir ons sê nie.

Ons het 'n geestelike vyand – die Satan en hy is elke oomblik besig om ons te toets om uit te vind of ons werklik waardig is om die lewe so te hanteer, soos wat ons sê ons doen.

In Johannes 16 sê Jesus dat ons vervolging gaan hê.

Hy het egter nie daar gestop nie.

Hy sê duidelik wat ons moet doen ten midde van aanslag: '**hou goeie moed**', want die oorwinning sal daar wees in die môre.

Toe Jesus Christus aarde toe gekom het as 'n man is Hy deur die vyand met elke moontlik versoeking versoek.

Maar, omdat Hy 'n sondelose lewe gelei het kon Hy elke aanslag weerstaan en is Hy gewillig geslaan, verwoes en gekruisig.

Dis hoekom Hy die dood, die hel en die graf kon oorwin.

Jesus het nie die 'wêreld oorwin' vir Homself nie, maar dit was vir jou en vir my.

As ons die groot offer wat Jesus gebring het deelagtig is, het ons al die rede om goeie moed te kan hou (in Engels: 'to be in good cheer'), al is dit tydens probleme en toetse.

Tweedens: God se beskerming en rus.

Toe Jesus en sy dissipels die seile gespan het en uitgevaar het op die see, was dit net nadat Hy die menigtes geleer het. Hy was verseker moeg en afgemat en ons lees dat Hy agter in die boot gaan lê het en aan die slaap geraak het. (**Markus 4:36,38**)

Hier sien ons ons Redder ook as volkome mens.

Die menslike liggaam kan moeg en swak word en dit het ook behoefte aan rus en verkwikking.

Hy het so vas geslaap te midde van die erge storm dat Hy nie eers wakker geword het nie.

Die klein bootjie moes geruk en geskud het agv al die golwe en die wind, maar Hy het so diep geslaap dat hulle Hom 'moes wakker maak'.

Hierdie is 'n voorbeeld dat dit presies is wat ons as Sy kinders ook moet doen.

Ons is veronderstel om elke dag net te gaan slaap en te rus in Sy arms sonder om te bekommer, want Hy is mos daar vir ons.

Vir elkeen om in Jesus te kan rus, beteken om in Sy rus in te gaan.

'n Rus wat vrede en kalmte bring 'wat alle verstand te bowe gaan.'

Die verhaal word vertel van die ou Duitse tannie wat in die middel van die bombardement van Duitsland, aangesê is om elke aand te kom aanmeld vir beskerming. Sy het net so elke tweede oggend kom groet, ten spyte van almal se raad.

Haar woorde was: 'Jesus het gesê Hy sluimer of slaap nie. So,

waarom sou ek dan ook wakkerlê op 'n vreemde plek, as Hy wakker is. Ek het elke aand net in Hom gerus.'

Die storms van die lewe mag om jou woed, maar as jy in Jesus se rus is, het jy altyd 'n gevoel van kalmte hier binne-in jou, en jy weet: 'Dit maak nie saak wat gebeur nie, Jesus is op hierdie oomblik besig met die oplossing van my probleem.'

Dis die enigste manier waarop ek en jy die storms daar buite gaan hanteer.

Jesus Christus het self al Sy vertrouwe in Sy Vader geplaas – dis hoekom Hy ook in hierdie storm op see, net kon rus.

Sy dissipels het dit nie geweet nie en dis waarom hulle in die krisis geskreeu het: 'Jesus, ons gaan verdrink, maar dit lyk nie vir ons asof Jy daaroor bekommerd is nie!'

Derdens: Jesus se outoriteit oor die gees van verwoesting.

Nadat Hy wakker geword het, het Hy opgestaan en vir die storm gesê: 'Swyg, wees stil, en die wind het gaan lê.'

Hier sien ons Sy absolute outoriteit oor die skepping en oor die vyand se plan om verwoesting te saai.

Jesus Christus was van die begin af deel van die Godheid by die skepping. Hy was ook daar toe die hemele en die aarde gemaak is. (**Johannes 1:1-5**)

Toe Jesus skielik daardie aand uitgeroep het, het die hele skepping - die water en die wind, die stem van die Skepper God herken, en was gehoorsaam daaraan.

Jesus het verseker die kragte van die natuur herken wat op daardie dag op die see van Galilea was.

Maar, Hy het ook verseker geweet wie die bose magte was wat agter die storm gesit het.

Dis in daardie outoriteit wat Hy die mag kon breek het.

In **Markus 1:23-25** lees ons van Jesus wat in die sinagoge ingestap het en dat daar 'n man met 'n onrein gees in die kerk. Vir daardie gees het Hy net gesê: 'Bly stil en gaan uit hom uit!'

Dieselfde gebeur met die gees wat in die storm was daardie aand. Hy het net vir die gees gesê: 'Swyg. Wees stil' en die wind het gaan lê.

Jesus het presies geweet dat Satan betrokke was in die storm, net soos wat hy betrokke was in die man in die sinagoge. Hy kon hierdie opposisie hanteer, want Hy is die Seun van God.

Jesus het egter hierdie outoriteit aan die kerk gegee:

Na Sy opstanding uit die dood praat Hy met Sy volgelinge hieroor – oor hierdie outoriteit en hierdie krag:

Mattheus 28:18-20; 'En Jesus het nader gekom en met hulle gespreek en gesê: Aan My is gegee alle mag in die hemel en op aarde. Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het.

En kyk, Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld.'

Jesus het op aarde Sy outoriteit en krag bewys deur siekes gesond te maak, demone uit te dryf, dooies lewendig te maak en deur die natuur se elemente Hom te laat gehoorsaam.

Daarna kon Hy vir Sy liggaam/die kerk sê:

'Nou gee Ek hierdie outoriteit oor aan julle. Gaan in My Naam en in My outoriteit en gaan verander die wêreld.'

Die oomblik as jy jou Godgegewe outoriteit teen die vyand gebruik, herken die Satan dit dadelik en het hy geen keuse as om dit te gehoorsaam nie.

Ons moet beseef dat as ons die wêreld wil oorwin, het ons nodig om dit in die geestelike realm te doen, deur die krag van Jesus Christus.

Vierdens: 'Laat ons oorvaar na die ander kant.'

Jesus sê dit aan sy dissipels toe hulle bootreis begin het daardie aand.

Hier spreek Jesus die woorde uit. 'Laat ons oorvaar na die anderkant toe'.

In die storm het die dissipels hierdie woorde vergeet. Hulle het geweet dat as Jesus enigiets gesê het, het dit gebeur. Toe dinge egter begin verkeerd gaan het hulle nie onthou dat Jesus dit gesê het nie.

Wat sê Jesus oor Sy woorde?

Mattheus 24:35;

'Die hemel en die aarde sal verbygaan, maar my woorde sal nooit verbygaan nie.'

Die Woord van God is ewig, dit verander nooit.

Toe Jesus gesê het: 'Laat ons oorvaar na die ander kant' toe, is dit presies wat Hy wou doen, en Hy het geweet niks kan hom stop nie. Hy was baie bewus dat die Satan dit altyd kan teenstaan.

As sy dissipels hierdie woorde onthou het en daaraan vasgehou het, sou hulle nooit paniekerig en bang gewees het nie.

Ek glo werklik dat as hulle die outoriteit net daar opgeneem het en Christus se woorde onthou het, sou hulle self die storm kon stilmaak het.

Jesus staan op en maak die storm stil en sê: 'Waarom is julle so bang. Het julle dan geen geloof nie?'

Elkeen van ons gelowiges gaan toetse en probleme in ons lewe ondervind.

Die vyand gaan kom toets om uit te vind of ons werklik glo wat ons sê ons glo.

Dis een ding om te sê ons glo, maar dis totaal 'n ander ding om vas te hou aan ons geloof wanneer ons slegte tye deurgaen.

As die waters kalm is en die hemel is blou sê ons maklik: 'Ek glo God se Woord', maar wanneer die storm woed op die see van die lewe, wat doen ons dan?'

Dis dan die verkeerde tyd om te roep: 'God, hoekom laat U hierdie dinge toe in my lewe?', of sal jy kan rus in Sy rus?

Op die outoriteit van God se onveranderbare Woord kan ons bly staan teen die storms van die lewe en die aanslag van die bose.

Ons sal nie net in Sy vrede en rus kan ingaan nie, ons sal ook kan 'oorgaan na die ander kant toe' en God se oorwinning smaak.